# Swartland Bulletin – May *June 2015

**Swartland Bulletin – Hartland van die Swartland**

**Munisipale bestuur gaan lank reeds nie meer bloot oor die voorsiening van dienste soos water, krag en riolering nie: by Swartland Munisipaliteit word daar toenemend aandag gegee aan sosiale probleme en gemeenskapsontwikkeling.**

Swartland het volgens die 2011-sensus 'n bevolking van 113 762. Die gemiddelde groei tussen 1996 en 2001 was 2% per jaar. Tussen 2001 en 2011 het dit tot 4,7% verhoog. Swartland was ook die tweede vinnigste groeiende munisipaliteit in die Wes-Kaap vir dié tyd.

Wat bevolking betref, is Swartland nou die sesde grootste munisipaliteit uit 24 in die Wes-Kaap (metro's uitgesluit) en die grootste in die Weskus-distrik.

Munisipale bestuurder Joggie Scholtz sê die belangrikste aspekte in 'n goeie munisipaliteit is leierskap en goeie bestuur. Onder leierskap het hy onder meer genoem dat 'n leier moet begin met die einde in gedagte.

Etiese besigheidspraktyke, behoorlike stelsels en oorsig deur bestuur is ook belangrik.

Goeie bestuur sluit in dat daar nie net voldoen word aan vereistes nie, maar dat die verbeter word. Risiko-bestuur, interne oudit en 'n ouditkomitee en geen verdraagsaamheid ten opsigte van bedrog en korrupsie, is van die ander hoekstene.

"Dit beteken dat ons nou aandag kan gee aan die ware kwessies, ons kan 'n kultuur van prestasie kweek, innoverende doelwitte stel en gapings aanspreek", het hy verduidelik.

Scholtz sê van die belangrikste behoeftes in die gemeenskap sluit toegang tot behuising, skoon water, sanitasie, elektrisiteit en vullis-verwydering in.

Burgemeester Tijmen van Essen sê sake is landwyd moeilik, in die provinsie en ook in die Swartland: "Aan die een kant het ons om verskeie redes 'n baie lae ekonomiese groei, maar baie hoë verwagtinge, nie net wat 'polities' geskep word nie, maar ook ingevolge die Nasionale Ontwikkelingsplan (NP).

Tog het hulle weer eens daarin geslaag om 'n begroting op te stel wat aandag gee aan die armstes van die armes ("pro poor") en ook 'n pro-infrastruktuur begroting. "Ons ervaar vele uitdagings, omdat ons waarskynlik die slagoffers van ons eie sukses is", het Van Essen bygevoeg.

***Swartland Bulletin – Heartland of the Swartland***

***It has been a long time since municipal management was concerned merely with the provisioning of services such as water, electricity and sanitation. At Swartland Municipality, we focus increasingly on social problems and community development.***

*According to the 2011 census, Swartland has a population of 113 762. The average growth between 1996 and 2001 was 2% per annum. Between 2001 and 2011, that increased to 4,7%. During the same time, Swartland was also the second fastest growing municipality in the Western Cape.*

*In terms of the population, Swartland is currently the sixth largest municipality among 24 in the Western Cape (excluding metros) and the largest in the West Coast district.*

*Municipal Manager Joggie Scholtz believes the most important characteristics of a solid municipality are leadership and sound management. In terms of leadership, he mentioned among other things that a leader should begin with the end in mind.*

*Ethical business practices, proper systems and review by management are also important.*

*Sound management involves not only meeting the requirements, but also exceeding them. Risk management, internal audits, audit committees and zero tolerance to fraud and corruption complete the foundation.*

*"This means we are now able to attend to fundamental issues, establish a culture of performance, set innovative goals, and fill in gaps," he explained.*

*Scholtz said the most important needs in the community include access to housing, clean water, sanitation, electricity and refuse removal.*

*Mayor Tijmen van Essen said things are difficult across the country, in the province and also in the Swartland: "On the one hand we are experiencing very low economic growth for various reasons, while on the other we have extremely high expectations, not only those created politically, but also those provided under the National Development Plan (NDP).*

*"Nevertheless, the budget was again drafted as a budget that favours the poorest of the poor ('pro poor') and is also a 'pro infrastructure' budget. We are facing many challenges, probably because we are the victims of our own success," van Essen added.*

## Voorwoord by die tweede Swartland Bulletin

Die vorige boekjaar het weer etlike unieke hoogte- en laagtepunte opgelewer; laagtepunte veral op die finansiële front, waar die Munisipaliteit (nes al die ander plaaslike owerhede) onder die nagevolge van die wêreldwye ekonomiese krisis gely het.

Aan die positiewe kant is dit gepas om te meld dat die Swartland Munisipaliteit vier jaar ná mekaar skoon oudits ontvang het, nl. vir die 2010/11, 2011/12, 2012/13 en die 2013/14 finansiële jaar. Die uitdaging is om die prestasie te kan volhou.

Die komende jare gaan innoverende, strategiese denke van die Munisipaliteit verg, iets waartoe ons onvoorwaardelik verbind is. Ons het reeds ons mees kritiese risiko's geïdentifiseer en gedokumenteer, en implementeer tans aksieplanne vir elke risiko, ten einde ons finansiële stabiliteit in die langtermyn te verseker.

Ten spyte hiervan was ons bevoorreg om in die afgelope jaar te kon voortgaan om gehaltedienste aan ons belastingbetalers te lewer. Ons sal so aanhou, ondanks die uitdagings wat vir ons voorlê. Die Kliëntedienshandves en die diensstandaarde wat daarin gestel word, bly een van die instrumente waarvolgens ons ons prestasie meet.

Ons streef steeds daarna om ons belastingbetalers trots te maak en is verbind tot uitmuntende prestasie. Daarvoor moet ons kliënte en/of vennote egter ook hulle verantwoordelikheid besef deur te verstaan dat verskeie prioriteite aandag benodig; 'n verantwoordelikheid om redelik te wees, en om te vertrou dat ons hulle belange op die hart dra.

Ons poog om deurgaans professioneel en deursigtig te bly in ons sake met u.

Swartland Munisipaliteit het gedurende Oktober en November 2014 'n kliëntediens-opname onder inwoners gedoen om die tevredenheid met dienslewering te bepaal, in opvolg op die 2012-opname. Die vrae was dieselfde as die vorige opname ten einde die resultate te kan vergelyk. Die oorhoofse gemiddelde punt was 70,8%. Die opname is deur die Munisipaliteit self gedoen teen 'n nominale koste. Die 2014-opname se vraelys kon òf in elektroniese formaat deur middel van Survey Monkey op die internet ingevul word òf op papier by verskeie plekke in die munisipale gebied. Uiteindelik is 367 vraelyste (47%) op papier ingevul en 416 (53%) elektronies. Die papier-vraelys se resultate is natuurlik ook op Survey Monkey ingevoer. Die getal response (783) is 125% meer as die 348 van die vorige opname. Sien die resultate elders in die bulletin.

## *Foreword to 2nd Swartland Bulletin*

*The previous financial year once again offered some unique ups and downs, the latter especially on the financial front, with the municipality (like all other local authorities) suffering the after effects of the global economic crisis.*

*On the positive side it is appropriate to report that the Swartland Municipality achieved four consecutive clean audits for the 2010/11, 2011/12, 2012/13 and 2013/14 financial years. The challenge is now to maintain this achievement.*

*The years ahead require innovative strategic thinking by the municipality, something to which we have committed ourselves unconditionally.*
*We have already identified and documented our most crucial risks, and are busy implementing action plans in respect of such risks to ensure our financial stability in the long term.*

*Despite all, we were fortunate that we could continue rendering quality services to our rate-payers during the past year. We will continue doing so, despite the challenges we face. The service standards set in die Client Services charter will remain one of the instruments whereby we will measure our performance.*

*We will keep on striving to make our ratepayers proud and are committed to performance excellence. However, to do so, our clients and/or partners also have to realise their responsibility to understand there are various priorities requiring attention; a responsibility to be reasonable, and a responsibility to trust that we have your interests at heart.*

*We endeavour to remain professional and transparent in our dealings with you, at all times.*

*During October and November 2014, Swartland Municipality conducted a client services survey among residents to determine their satisfaction with service delivery, i.e. as a follow-up to the 2012 survey. In order to compare the results, the questions were the same as those used for the previous survey. The overall average mark was 70,8%.*

*The Municipality conducted the survey itself at a nominal cost. The questionnaire for the 2014 survey could be completed either electronically on the internet, i.e. through Survey Monkey, or on paper at various places in the municipal area. In the end, 367 questionnaires (47%) were completed on paper, while 416 (53%) were completed electronically. The results of the paper questionnaire were also captured on Survey Monkey. The number of responses (783) was 125% more than the 348 of the previous survey. (Please see the results elsewhere in the Bulletin.)*

| | |
|---|---|
| **Stand van sake met behuising**<br><br>Swartland bou nie huise nie, ons bou gemeenskappe. Só het Joggie Scholtz, munisipale bestuurder, onlangs die munisipaliteit se visie aan 'n afvaardiging van die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings verduidelik.<br><br>Scholtz sê begrip en leierskap is nodig om armoede hok te slaan. "Ons moet altyd in gedagte hou dat die man op straat nie omgee watter vlak van regering verantwoordelik is vir 'n sekere diens nie – hulle wil dit gedoen hê. Daarom is dit belangrik dat ons hande vat en saamstaan."<br><br>Swartland se waglys staan nou op 16 468. Dit gaan voortaan in kategorieë geplaas word wat onder meer voorsiening maak vir gestremdheid, ouderdomme, grootte van gesin, dienste benodig en agterplaas-bewoners.<br><br>CK Rumboll en Vennote is deur die Provin-siale Departement van Menslike Nedersettings aangestel om Swartland se Menslike Nedersettingsplan (MNP) te hersien en met voorstelle te kom vir gapings.<br><br>Die departement verwag van munisipaliteite om nedersettings te skep wat volhoubaar is: deur die voorsiening van geleenthede binne 'n dorp met genoegsame sosio-ekonomiese geriewe en werkgeleenthede.<br><br>Die raad het reeds dié plan in beginsel goedgekeur, onderworpe aan finale goedkeuring van die Departement Menslike Nedersettings.<br><br>Uitvoering van projekte is ook onderworpe aan die beskikbaarheid van geld, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe. | ***State of affairs on housing***<br><br>*Swartland does not build houses; we build communities. That is how Municipal Manager Joggie Scholtz recently explained the Municipality's vision to a delegation of the Western Cape Department of Human Settlements.*<br><br>*Scholtz said understanding and leadership are qualities required to ward off poverty. "We should always remember that the general public do not care which tier of government is responsible for a particular service – they merely want results. That is why it is important to join hands and stand together."*<br><br>*Swartland's waiting list currently stands at 16 468. In future, the list will be categorised to provide for aspects such as disability, age, the extent of the family, services required and backyard dwellers.*<br><br>*The Provincial Department of Human Settlements appointed CK Rumboll and Partners to review Swartland's Human Settlement Plan (HSP) and come up with suggestions concerning gaps.*<br><br>*The Department requires municipalities to create settlements that are sustainable: by providing opportunities in a town, with sufficient socio-economic facilities and job opportunities.*<br><br>*The Council has already approved this plan in principle, subject to final approval by the Department of Human Settlements.*<br><br>*The execution of projects is also subject to the availability of funds, suitable land and bulk services in the various towns.* |
| **Abbotsdale kry Biblioteek**<br><br>Die Provinsiale Regering (Biblioteekdienste) het 'n bedrag van R5 miljoen oor twee jaar bewillig vir 'n nuwe biblioteek op Abbotsdale. Die biblioteek moet teen 30 Junie 2017 voltooi wees.<br><br>Gebaseer op dié dorp se 2011-bevolkingsyfers van 13 018 inwoners, sal 'n gebou van sowat 500 m² opgerig word. Drie potensiële persele, geleë binne die nuwe behuisingsprojek, is reeds geïdentifiseer.<br><br>Abbotsdale is een van vyf nuwe biblioteek-projekte wat in die 2015/16 boekjaar sal begin. Die ander vier is in Du Noon, Stellenbosch, Mosselbaai en Langeberg.<br><br>Provinsie het R360,6 miljoen aan biblioteke en argiewe toegestaan. | ***Abbotsdale to get library***<br><br>*Provincial Government: Library Service has allocated R5 million over two years for a new library in Abbotsdale, to be completed by 30 June 2017.*<br><br>*The building will be about 500 m² in size so that it can service the town's 13 018 residents (according to the 2011 population figure). Three potential premises situated within the new housing project have already been identified.*<br><br>*The Abbotsdale library is one of five new library projects that will be started in the 2015/16 financial year; the other four are in Du Noon, Stellenbosch, Mossel Bay and Langeberg.*<br><br>*Province has allocated R360.6 million in total to libraries and archives.* |

## Rioolaanleg vorder fluks

Die nuwe rioolaanleg wat in aanbou is op Riebeek Kasteel vorder met rasse skrede.

Die totale koste van die projek beloop R73,8 miljoen: PPC dra R5 miljoen by, die sentrale regering R37 miljoen en die oorblywende R31,8 miljoen kom van Swartland Munisipaliteit.

Die aanleg is op die perseel van die bestaan-de rioolwerke en maak gebruik van 'n geaktiveerder slyk suiweringsproses.

Deel van die projek is 'n pyplyn wat verbinding tussen die nuwe aanleg, Riebeek-Wes en Ongegund voorsien. Die bestaande rioolaanlegte op Riebeek-Wes en Ongegund word dus uitgeskakel en riool sal deur hierdie pyp gevoer word na die nuwe aanleg.

Waar daar dus vantevore drie klein aanlegte was, sal daar nou slegs een aanleg vir die hele Riebeekvallei bedryf word.

Die nuwe aanleg sal teen Mei 2015 in bedryf gestel word. Dit het die vermoë om 2000 kiloliter riool per dag te hanteer en dit is voldoende vir ongeveer 4000 huishoudings.

Die Munisipaliteit onderneem hierdie projek om 'n bydrae te lewer tot 'n skoner omgewing en om die probleme met die besoedeling wat ondervind word in die Bergrivier aan te spreek.

## *Sewage plant progressing rapidly*

*The new sewage plant in construction at Riebeek Kasteel is progressing by leaps and bounds.*

*The total project cost amounts to R73,8 million: PPC contributes R5 million, the central government R37 million, while the remaining R31,8 million comes from Swartland Municipality.*

*The plant is located on the premises of the existing sewage works and uses an activated sludge purification process.*

*Part of the project comprises a pipeline that provides a connection between the new plant, Riebeek West and Ongegund. The existing sewage plants at Riebeek West and Ongegund will subsequently be phased out and sewage will be fed through this pipeline to the new plant.*

*Where in the past we had three small plants, only one plant will now be in operation for the entire Riebeek Valley.*

*The new plant will be put into operation by May 2015. It has the capacity to handle 2 000 kilolitre of sewage per day and will be sufficient for some 4 000 households.*

*The Municipality drives this project as a contribution to a cleaner environment and a way to address problems with pollution in the Berg River.*

## Moontlikheid vir nuwe brug oor Dieprivier?

Burgemeester Tijmen van Essen sê daar word indringend gekyk na die verkeersituasie op Malmesbury. Die vermoë van die bestaande roetes om die verhoogde verkeer te dra, is onder die loep.

"Maklike kitsoplossings is daar nie. Kwessies waarna gekyk word, is:

- Die voorgestelde sirkel wat die verkeer vanaf Smuts- en Rosenbergweg, verby McDonalds en oor die brug dorpe toe moet voer. Dit sluit 'n nuwe toegangs-roete tot die sportgronde in.

- Die brug oor die Dieprivier sal verbreed word, met twee inkomende en een uitgaande baan.

Vorige studies het bevind dat die brug veilig verbreed kan word sonder om die brug fisies te verbreed, deur bloot die huidige voetgangerbane se oppervlak te omskep tot gelyk met die huidige ryvlakke, dit te versterk en dan die bestaande oppervlak in drie bane te verdeel.

## *Possibility of new bridge over the Diep River?*

*Mayor Tijmen van Essen said the traffic situation at Malmesbury is receiving serious attention. The ability of the existing routes to carry the increased traffic is being scrutinised.*

*"There are no easy or instant solutions. Issues that are being investigated are:*

- *The proposed circle that will divert traffic from Smuts and Rosenberg Roads, past McDonalds and over the bridge to the various towns. That includes a new access route to the sports grounds.*

- *The bridge over the Diep River will be widened with two entrance lanes and one exit lane.*

*Previous studies found that the bridge could be widened safely, without having to change the physical bridge structure, by simply adjusting the surface of the current pedestrian lanes to be level with the current roadways, strengthening the surface and then dividing the existing surface into three lanes.*

| | |
|---|---|
| Weerskante van die opgeknapte brug sal 'n staalstruktuur dan gebou word om twee aparte, veilige voetgangerbane te skep.<br><br>• Bogenoemde ontwikkelings sal noodwendig beteken dat daar gekyk moet word na die kruising van Bokomoweg en Voortrekkerstraat. Die robot sal waarskynlik met 'n gevorderde slimrobot-stelsel vervang word.<br>• 'n Sirkel word ook in die vooruitsig gestel by die Piketbergweg-aansluiting met Voortrekkerstraat. Dit is nodig vir die verhoging in verkeer met die beoogde Klipfontein-ontwikkeling." | *A steel structure will subsequently be constructed on either side of the renovated bridge to create two separate and safe pedestrian lanes.*<br><br>• *These developments inevitably mean that the intersection of Bokomo Road and Voortrekker Street will have to receive attention too. The traffic light will probably have to be replaced by an advanced smart traffic-light system.*<br>• *A circle is also planned at the Piketberg Road junction with Voortrekker Street. That is required for the increased traffic at the proposed Klipfontein development."* |
| **Klipkoppie moet beskerm word**<br>Swartland Munisipaliteit en CapeNature is bekommerd oor inwoners wat die bekende en gewilde Klipkoppie vir allerlei doeleindes gebruik.<br><br>"Daar is nie behoorlike polisiëring nie en ons is bekommerd oor potensiële erosie en beskadiging van plante," het Madelaine Terblanche, Direkteur Korporatiewe Dienste, gesê.<br><br>"Die publiek moet bewus wees dat Klipkoppie bewaringstatus geniet, hoewel dit nog nie as bewaringsgebied afgekondig is nie.<br><br>Die terrein, indien dit onder die Wet op Beskermde Gebiede as bewaringsgebied geregistreer sou word, sal kwalifiseer vir die hoogste status, omdat dit as 'n Kritieke Biodiversiteitsgebied beskou word. Dit is weens die renosterbos en ander skaars plantspesies wat daar groei.<br><br>"In hierdie stadium is ons, in samewerking met CapeNature, nog nie in die posisie om dit as bewaringsgebied te laat verklaar nie, aangesien die implikasies van die Weskus Geïntegreerde Vervoerplan nog nie duidelik is nie.<br><br>"Dié plan, wat nou opgestel word, mag teweeg bring dat die R302 oor 'n gedeelte van Klipkoppie verleng word. Dit hou implikasies in vir die gedeelte wat uiteindelik as bewaringsgebied sal kwalifiseer.<br><br>"Ons probeer op die oomblik te motiveer dat die toekomstige padroete buite-om Klipkoppie moet gebeur," verduidelik me Terblanche.<br><br>"Ons gaan binnekort borde aanbring om die publiek op die bewaringstatus te wys, maar wil mense maan om by die bestaande roetes op Klipkoppie te hou wanneer hulle dit wel gebruik, om erosie en ander skade te verhoed." | ***Klipkoppie must be protected***<br><br>*Swartland Municipality and CapeNature are concerned about residents using the well-known and well-loved Klipkoppie for all kinds of purposes.*<br><br>*"There's no proper policing and we're worried about potential erosion and damage to plants," says Madelaine Terblanche, Director Corporate Services.*<br><br>*"The public must be made aware that Klipkoppie does have conservation status, even though it hasn't yet been proclaimed as a conservation area."*<br><br>*The terrain, when it is registered under the Protected Areas Act as a conservation area, will qualify for the highest status because it is regarded as a critical biodiversity area due to the renosterbos and other rare plant species that grow there.*<br><br>*"At this stage, we and CapeNature aren't yet in the position to have it proclaimed as a conservation area because the implications of the West Coast Integrated Transport Plan aren't clear yet.*<br><br>*"This plan, which is currently being drawn up, may take the R302 over a part of Klipkoppie. This would have implications for the part that would qualify as a conservation area in the end.*<br><br>*"Right now, we're trying to motivate for the R302 to run outside Klipkoppie," explains Ms Terblanche.*<br><br>*"We're soon going to put up boards to make the public aware of Klipkoppie's conservation status but we already want to caution people to stay on the Klipkoppie routes that exist now when they do use them so that we can prevent erosion and other damage."* |
| **Hou kinders veilig**<br><br>Ouers wat met hul kleuters reis, sal vanaf 30 April 2015 wetlik verplig wees om hulle in 'n motorstoeltjie vas te | ***Help keep our children safe with new law***<br><br>*From 30 April 2015, parents travelling with their young children will be legally bound to strap them into a special* |

gespe.

Die Minister van Vervoer, Dupuo Peters, stel die wysiging aan die nasionale Padverkeerswet amptelik van 1 Mei 2015 af in werking. Philip Humphreys, Swartland se Direkteur Beskermingdienste, sê om die slagting op die land se paaie te verminder, het wetstoepassers reeds in die afgelope vakansietyd ouers aangespreek wat nie hul kinders se veiligheid vooropstel nie.

Ingevolge die nuwe wetswysiging, waarvan die voorneme reeds op 31 Oktober 2014 bekendgemaak is, sal alle kinders onder drie jaar in 'n motorstoeltjie vasgegespe moet wees wanneer hulle in 'n motor ry.

Volgens die Departement van Vervoer gee dié tydperk motoriste genoeg tyd om die nodige motorstoeltjies aan te skaf voor dit van krag word.

"Om uit 'n motor te val is een van die ernstigste goed wat in 'n ongeluk met 'n mens kan gebeur - driekwart van alle insittendes wat in 'n ongeluk uit 'n voertuig val, sterf," het Humphreys beklemtoon.

Foto: **Motorstoeltjies: Senior Inspekteur Marius Humphreys van Darling en sy twee kinders, Tyrese (seuntjie) en Thea (dogtertjie) – veilig vasgemaak.**

*car seat.*

*Minister of Transport, Dupuo Peters, will be officially implementing this amendment to the National Road Traffic Act from 1 May 2015. Philip Humphreys, Swartland's Director of Protection Services, says that, in an effort to decrease the carnage on the country's roads, law-enforcement officers already began to caution parents who do not ensure their children's safety during the recent holiday period.*

*In terms of the new legislation, which was announced on 31 October 2014, all children younger than three will have to be strapped into a special car seat when in a moving car.*

*According to the Department of Transport, this period gives motorists enough time to obtain the necessary car seats before the new legislation comes into force.*

*"Being flung from a car is one of the worst things that can happen to you in an accident – three quarters of all people flung from a car in an accident die," Humphreys emphasised.*

*Photo:* ***Car seats: Senior Inspector Marius Humphreys of Darling and his two children, son Tyrese and daughter Thea, safely strapped in.***

## Verordeninge in wording

Die Swartland raad het verskeie konsep-verordeninge in beginsel goedgekeur: die Verordening insake Openbare Oorlaste, Straatkollekteverordening, Kredietbeheer- en Skuldinvordering, Eiendomsbelasting en Tariewe-verordeninge.

- Onder Openbare Oorlaste word daar in die eerste plek gekyk na algemene bepalings, soos:
  - niemand mag werk op enige perseel uitvoer of 'n gebou of grond gebruik op 'n wyse wat inbreuk maak op die gerief of gemak van 'n persoon of wat 'n bron van gevaar vir 'n persoon is nie;
  - geen vrugte- of groenteskille, gebreekte bottels, glas, vullis, bourommel, tuinvullis of afval wat aanstootlik is of waarskynlik ergernis, gevaar of besering sal veroorsaak aan 'n persoon in of op enige perseel, straat of openbare plek, mag gestort, opgehoop, uitgegooi word nie;
  - jy mag nie toelaat die omheining van enige perseel 'n gebou of struktuur in 'n vervalle, gevaarlike, verwaarloosde of onooglike toestand raak nie;
  - jy mag nie die gerief, gemak, vrede en rus van 'n persoon versteur deur die gebruik van elektriese toebehore of enige masjinerie of toerusting, ongeag of dit behoorlik funksioneer of nie.

Ander bepalings handel oor dronkenskap, onsedelike gedrag en die afvuur van vuurwapens binne

## *By-laws in the making*

*The Swartland Council has approved various draft by-laws in principle: the Prevention of Public Nuisances By-law; the Street Collections By-law; the Credit Control and Debt Collection By-law; and the Property Rates and Tariffs By-laws.*

- *Under the Prevention of Public Nuisances, general provisions are being considered first, e.g.:*
  - *Nobody may carry out work on any premises or use a building or land in such a way as to encroach on the comfort or convenience of a person or constitute a source of danger to a person;*
  - *No fruit or vegetable peels, broken bottles, glass, refuse, building rubble, garden refuse or any waste that is offensive or likely to cause annoyance, danger or injury to a person may be dumped, deposited or spilled in or upon any premises, street or public place;*
  - *No one may allow the fencing of any premises, building or structure to fall into a state of disrepair or to become dangerous, dilapidated or unsightly;*
  - *No one may disrupt the comfort, convenience, peace and rest of another person by using power tools or any machinery or equipment, whether these are functioning properly or not.*

*Other provisions relate to drunkenness, indecent conduct, and discharging firearms in municipal areas.*

| | |
|---|---|
| dorpsgebiede.<br><br>Daar is ook bepalings oor die aanhou en versorging van diere, asook 'n spesifieke afdeling oor honde.<br><br>• Die verordening oor straatkollektes se oogmerk is om reëls en riglyne daar te stel om te voorkom dat persone of organisasies 'n oorlas veroorsaak. Dit het ook ten doel om die publiek teen uitbuiting te beskerm.<br>• Kredietbeheer en Skuldinvordering: alle skuld verskuldig aan die munisipaliteit moet volgens hierdie verordeninge in die beleid ingevorder word.<br><br>Die verordeninge bepaal ook deposito's, renteheffings, betaling van agterstallige skuld, ooreenkomste met werkgewers, afsluit of beperking van dienste, skuldverhaling en deernisondersteuning.<br><br>• Die konsep Verordening insake Eiendomsbelasting is in beginsel goedgekeur, met dien verstande dat die nodige wysigings aangebring sal word aan die Eiendomsbelastingbeleid.<br><br>Die beleid sluit in kategorieë van eiendomme en eienaars, differensiële belasting, vrystellings, betalingsreëlings en gebruik van eiendomme.<br><br>• Tariewe-verordening: Die munisipaliteit moet 'n tariefbeleid aanvaar en implementeer vir die heffing van gelde vir 'n diens wat deur die munisipaliteit gelewer word, of wat deur middel van diensleweringsooreenkomste gedoen word.<br><br>Van die beginsels is onder meer:<br>Beperkte gratis dienste aan verbruikers en finansiële bystand aan hulpbehoewende huishoudings sal oorweeg word waar van toepassing;<br>Alle verbruikers van munisipale dienste sal billik behandel word;<br>Tariewe moet vasgestel word teen vlakke wat die finansiële volhoubaarheid van die diens ondersteun.<br><br>Die konsep-verordeninge sal nou vir openbare kommentaar in die media en ook op die webtuiste geadverteer word. | *Some other provisions deal with the keeping of animals, including a specific section that deals with dogs.*<br><br>• *The aim of the by-law relating to street collections is to provide rules and guidelines to prevent people or organisations from creating a nuisance. This by-law also aims to protect the public against exploitation.*<br>• *Credit Control and Debt Collection: all debt owed to the Municipality shall be collected according to these by-laws and the relevant policy.*<br><br>*The by-laws also provide for deposits, interest charges, the payment of debt in arrears, agreements with employers, disconnecting or restricting services, debt recovery and compassion and support.*<br><br>• *The draft Property Rates By-law was approved in principle, provided that the required amendments be made to the Property Rates Policy.*<br><br>*The policy includes categories of properties and owners, differential rates, exemptions, payment arrangements and property uses.*<br><br>• *Tariffs by-law: The Municipality shall adopt and implement a tariff policy for charging fees for services that are delivered by the Municipality, or provided by means of service delivery agreements.*<br><br>*Some of the principles include:*<br>*Limited free services to consumers and financial assistance to destitute households shall be considered where applicable;*<br>*All consumers of municipal services shall be treated fairly;*<br>*Tariffs shall be fixed at levels that support the financial sustainability of the service.*<br><br>*The draft by-laws will now be published in the media and on the Municipality's website for public comments.* |
| **Straatligte meer energie-doeltreffend**<br><br>Gedurende 2013/14 is 'n projek vir die vervanging van bestaande straatligte met energie-doeltreffende eenhede voltooi.<br><br>Met Fase 1 van hierdie projek vir die instel van maatreëls vir beter energie-doeltreffendheid, word reeds 660 000 kWh per jaar bespaar. Dit is 'n vermindering in vrystelling van 672 ton koolstofdioksied wat met die opwekking van | ***Energy-efficient street lights***<br><br>*A project to replace existing street lights with energy-efficient units was completed during 2013/14.*<br><br>*As many as 660 000 kWh per year have already been saved with Phase 1 of this project to implement measures for greater energy efficiency. This is a decrease in 672 tons of the carbon dioxide that is emitted during the generation of* |

| | |
|---|---|
| elektrisiteit gepaard gaan.<br><br>Swartland Munisipaliteit het 'n verdere bedrag van R10 miljoen vir 2014/15 van die Departement van Energie ontvang vir projekte om die doeltreffende gebruik van elektriese energie deur die munisipaliteit te bevorder.<br><br>Die toekenning word gebruik om nog bestaande straatligte te vervang met energie-doeltreffende ligte wat gebruik maak van LED-tegnologie (liggewende diode). Die straatligte wat bestem is vir vervanging gedurende 2015 is oorwegend in die hoofweë van Malmesbury, Moorreesburg, Darling en Yzerfontein, asook in woongebiede van Malmesbury en Darling.<br><br>Met LED-tegnologie word die ligvloed wat deur die straatligte geproduseer word, meer doeltreffend na die padoppervlakte gerig met minder verliese. Dit bring 'n besparing in energieverbruik van tot 70% mee.<br><br>Hoewel die algemene verligtingsvlak op die padoppervlakte nie verminder word nie, is die energieverbruik aansienlik laer en minder instandhouding word benodig.<br><br>Met die tweede fase van die projek sal na verwagting 'n bykomende besparing van 1300 000 kWh per jaar bewerkstellig kan word.<br><br>Die aanvaarding en goedkeuring van die meer energiedoeltreffende tegnologie vir straatverligting sal bydrae tot beskerming van die omgewing en finansiële volhoubaarheid. | *electricity.*<br><br>*Swartland Municipality received a further amount of R10 million for 2014/15 from the Department of Energy for projects that promote the efficient use of electrical energy by the Municipality.*<br><br>*This allocation is being used to replace the rest of the street lights with energy-efficient lights that make use of LED technology (light-emitting diodes). The street lights that will be replaced during 2015 are mostly in the main streets of Malmesbury, Moorreesburg, Darling and Yzerfontein and in suburbs of Malmesbury and Darling.*<br><br>*With LED technology, the light produced by the street lights falls on the road surface more efficiently and there is less loss of light. This brings about a saving in energy consumption of up to 70%.*<br><br>*Although the general area that is lit up on the road surface does not decrease, energy consumption is considerably lower and less maintenance is needed.*<br><br>*With Phase 2 of the project, an additional saving of 1 300 000 kWh per year is expected.*<br><br>*The acceptance and approval of the more energy-efficient technology for street lighting will contribute to the protection of the environment and to financial sustainability.* |
| **Padnetwerk ontwikkel**<br><br>Swartland se GOP-doelwit vir 2012/17 as dit kom by paaie en stormwater, is om in alle dorpe die stedelike padnetwerk te ontwikkel en in stand te hou. Verder ook om oorstromingskade wat deur stormwater veroorsaak word, te bestuur en te verminder.<br><br>Burgemeester Tijmen van Essen sê die ideaal is om alle grondpaaie tot teerpaaie op te gradeer. Met die bou van paaie word ook stormwater-probleme aangespreek.<br><br>Kostes is ongeveer R3 miljoen per kilometer. Die provinsie het R330 643 000 op sy Vervoer- en Openbare Werke begroting vir Swartland goedgekeur vir die jare 2015/18.<br><br>Dit sluit R317 000 000 in vir die rehabilitasie van MR 230 en MR 231 op Moorreesburg (19/3/2015 tot 13/12/2017) en R187 505 000 vir die Mamre-Darling pad (C817). Dit sal tussen 9/5/2015 en 23/11/2017 gedoen word. | ***Road network developed***<br><br>*Swartland's IDP objective for 2012/17 in terms of roads and stormwater is to develop and maintain the municipal road network in all towns. In addition, the Municipality strives to manage and reduce flood damage caused by stormwater.*<br><br>*Mayor Tijmen van Essen said that ideally all dirt roads should be upgraded to tarred roads. With the construction of roads, problems relating to stormwater are also addressed.*<br><br>*The costs run to approximately R3 million per kilometre. The Province approved R330 643 000 on its Transport and Public Works budget for Swartland, for the 2015/18 years.*<br><br>*This includes R317 000 000 for the rehabilitation of MR 230 and MR 231 at Moorreesburg (19/3/2015 to 13/12/2017) and R187 505 000 for the Mamre-Darling road (C817). This will be done between 9/5/2015 and 23/11/2017.* |
| **Swartland glo in volhoubare vennootskappe met al sy mense**<br>Sosiale probleme in die gemeenskap, soos byvoorbeeld | ***Swartland believes in sustainable partnerships***<br><br>*Social problems in the community, such as drug addiction,* |

dwelmprobleme, kan nie net met die druk van 'n knoppie opgelos word nie. Dis bietjie meer ingewikkeld as dit, vertel Marguerite Holtzhausen, hoof van gemeenskapsontwikkeling by die Munisipaliteit.

"Om ons gemeenskappe gesond te maak, is soos om 'n legkaart te bou. Elke rolspeler en gemeenskapslid het 'n rol om te speel om die prentjie volledig te maak. Die vraag is eintlik hoe kry ons mense om saam te werk?

"Swartland Munisipaliteit se sosiale ontwikkelingsbeleid en strategie sien dit as een van die belangrike maniere waarop die plaaslike owerheid 'n verskil in die gemeenskap kan maak. Swartland Munisipaliteit het verskeie programme waardeur hulle beter samewerking en gevolglik beter dienslewering bevorder." Hier is 'n paar van die huidige projekte:

**Thusong Diensleweringsentrum:** Die nasionale regering se Thusong-program het in 1999 begin. Thusong is 'n Sotho-woord wat beteken "gee hulp" .

Swartland Munisipaliteit bestuur een Thusong-dienssentrum in Ilinge Lethu, maar ondersteun gemeenskapsentrums wat ook regeringsdienste nader aan die gemeenskap bring, soos die Alphastraat-sentrum in Wesbank, Darling Fokus, Futura Moorreesburg en Die Kraaltjie in Kalbaskraal.

Die doel van 'n Thusong-sentrum is om 'n eenstop-dienspunt te wees wat regerings- en ander dienste nader aan gemeenskappe bring, inligting deel en samewerking bevorder.

"Ons het reeds heelwat sukses gehad: Verlede jaar is daar 'n interregeringskomitee gestig wat bestaan uit Swartland Munisipaliteit, SASSA, Departemente Maatskaplike Ontwikkeling, Binnelandse Sake en Arbeid. Deur die komitee is gemeenskapuitreike georganiseer na Riebeek-Wes (629 mense bereik), Darling (894), Moorreesburg/Koringberg (709), Riverlands/Chatsworth/Abbotsdale/Kalbaskraal (208) en Malmesbury (894).

"Dit beteken jy kan nou SASSA besoek en op dieselfde dag sake met Arbeid, die munisipaliteit en Binnelandse Sake uitsorteer binne jou eie gemeenskap. Ander regeringsdienste en NGO's kom ook na die uitreike toe, byvoorbeeld SARS, die Openbare Beskermer en die National Youth Development Agency.

"Vervoer is verskaf waar dorpe saam by een punt bedien is. Die projek maak regeringsdienste baie meer toeganklik en help dat mense so min as moontlik tyd moet afvat van werk om hulle sake uit te sorteer."

Verskeie Thusong-uitreike word vanjaar beplan: Broodkraal 22 Mei, Riebeek-Wes stadsaal 22 Junie; Moorreesburg Rosenhof 29-30 September; Darling-gemeenskapsaal 31 Augustus -1 September; Goedgedacht Plaas, Riebeekvallei 2 Oktober;

*can't be solved simply at the press of a button. It's a little more complicated than that, says Marguerite Holtzhausen, Head of Community Development at the Municipality.*

*"Healing our communities is like building a jigsaw puzzle. Every stakeholder and community member has a role to play in completing the picture. The question is actually how we get people to work together.*

*"Swartland Municipality's social development policy and strategy state that this is one of the important ways in which the local authority can make a difference in the community. It has several programmes through which it promotes better cooperation and, as a result, better service delivery."*

*Here are a few of these projects:*

***Thusong Service Delivery Centre:** National government's Thusong programme started in 1999. "Thusong" is Sotho for "give help".*

*Swartland Municipality manages a Thusong service centre in Ilinge Lethu but it also supports community centres that bring government services closer to the community, such as the Alpha Street Centre in Westbank, Darling Focus, Futura Moorreesburg and Die Kraaltjie in Kalbaskraal.*

*The aim of a Thusong centre is to act as a one-stop service point that brings government and other services closer to communities, shares information and encourages cooperation.*

*"We've already had a lot of successes. Last year, for example, an intergovernmental committee was established consisting of Swartland Municipality, SASSA, the Department of Social Development, the Department of Home Affairs and the Department of Labour. The committee organised community outreaches to Riebeek West (where it reached 629 people), Darling (894 people), Moorreesburg and Koringberg (709 people), Riverlands, Chatsworth, Abbotsdale and Kalbaskraal (208 people) and Malmesbury (894 people).*

*"This means that you can now go to SASSA and – on the same day – also go to Labour, to the Municipality and to Home Affairs to sort out issues in your community. Other government services and NGOs – SARS, the Public Protector, the National Youth Development Agency – also come to the outreaches," continues Ms Holtzhausen.*

*"Transport is provided where more than one town is served at the same point. So the project makes government services much more accessible and means that people can take off as little time as possible from work to sort out their affairs."*

*More Thusong outreaches are planned for this year: Broodkraal on 22 May; the Riebeek West town hall on 22 June; Rosenhof in Moorreesburg from 29 to 30 September; the Darling community hall from 31 August to1 September;*

Malmesbury Ilinge Lethu 13 Oktober en Malmesbury Wesbank 14 Oktober.

**Swartland Maatskaplike Ontwikkelingsforum:** Swartland Munisipaliteit het reeds in 2008 die nood gesien vir beter samewerking tussen rolspelers (regering- en nie-regeringsorganisasies) ten einde sosiale probleme ten opsigte van kinders aan te spreek en te koördineer. Eers is 'n kinderontwikkelingsforum gestig wat in 2013 verander het na die Swartland Social Development Forum (SSDF). Die SSDF word in vennootskap met Departement Maatskaplike Ontwikkeling (DSD) bestuur, met Swartland as die sekretariaat en DSD as die voorsitter.

"Sedert die forum in 2010 begin het, is daar op alle dorpe met Junie-vakansieprogramme begin. Swartland Munisipaliteit dra fondse by tot die programme en het 'n koördineringsfunksie. Plaaslike nie-regeringsorganisasies en regeringsdienste organiseer die projekte op 'n jaarlikse basis op tien dorpe en in twee landelike gebiede.

"Die SSDF is in 2013 deur minister Albert Fritz geloods en vanjaar is die forum besig om na grondvlak te beweeg met uitreike (road shows) in die gemeenskappe. Daar is reeds werkwinkels op Darling en Moorreesburg gehou .

"Vier fokusareas is bepaal: kinderbeskerming, middele misbruik (substance abuse) kinders wat vroeg skool verlaat (school drop outs) en slagoffer bemagtiging (victim empowerment).

Werkwinkels oor die Kinderwet is ook reeds met rolspelers gehou."

Die uitreike gaan binnekort op die volgende dorpe aangebied word: Malmesbury (15 Mei), Riverlands (16 April) en Chatsworth (23 April). Die doel van die werkswinkels is om drie doelstellings te formuleer vir elke fokusarea wat gesamentlik aangepak gaan word deur die gemeenskap en regering.

Twee afgevaardigdes van die dorp word gekies wat die dorp op die SSDF sal verteenwoordig. Waar moontlik skakel die plaaslike verteenwoordigers in by bestaande gemeenskappolisiëringsforums.

**Plaaslike Dwelm Aksiekomitee:** Volgens die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Dwelmafhanklikheid (Wet 70 van 2008), moet munisipaliteite plaaslike dwelmkomitees vorm. Die burgemeester het volgens voorskrifte van die wet in 2013 'n plaaslike dwelmkomitee gestig. Die komitee bestaan uit verskeie regerings- en nie regeringsorganisasies wat teen dwelm- en alkoholverslawing optree. Die komitee (LDAC) is in die Swartland 'n subkomitee van die SSDF en doen verslag aan die SSDF oor sy bedrywighede.

"Die dwelmkomitee is deur die Departement Maatskaplike Dienste opgelei oor die rol van die komitee, asook die belangrikste aspekte van die dwelmprobleem.

*Goedgedacht Farm in Riebeek Valley on 2 October; Ilinge Lethu in Malmesbury on 13 October; and Westbank in Malmesbury on 14 October.*

***Swartland Social Development Forum (SSDF):*** *Swartland Municipality saw the need back in 2008 already for better cooperation between role players (government and non-government organisations) to tackle social problems that involve children and to coordinate solutions. In 2010, a child development forum was established, which, in 2013, became the SSDF and is now run in partnership with the Department of Social Development (DSD), with Swartland as the secretariat and the DSD as the chair.*

*Says Ms Holtzhausen: "When the forum was started in 2010, June holiday programmes were introduced in all the towns. Swartland Municipality contributes funds to the programmes and it acts as a coordinator. Local non-government organisations and government services organise the programmes; this happens every year in ten towns and in two rural areas.*

*"Minister Albert Fritz launched the SSDF in 2013 and, this year, it's moving to grassroots level with outreaches – or road shows – in the communities. Workshops have already been held in Darling and in Moorreesburg.*

*"Four focus areas have been identified: child protection; substance abuse; school dropouts; and victim empowerment. Workshops about the Children's Act have also already been held with role-players."*

*These workshop outreaches will soon come to the following towns: Malmesbury (on 15 May); Riverlands (on 16 April); and Chatsworth (on 23 April). The purpose of the workshops is to formulate three objectives for each of the four focus areas. This will be done together by the community and government.*

*Two representatives from each town will be chosen to represent their town on the SSDF. Where possible, these local representatives will link up with existing community police forums.*

***Local Drug Action Committee (LDAC):*** *In terms of the Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act 70 of 2008, municipalities have to form local drug committees. The mayor therefore established such a body in 2013. This committee is made up of various government and non-government organisations that fight drug and alcohol addiction. In the Swartland, the LDAC, as it is known, is a subcommittee of the SSDF and therefore reports to the SSDF about its activities.*

*"The LDAC was trained by the Department of Social Development about its role and about the most important aspects of the drug problem. The issue of all the role-players working together was also discussed", says Ms Holtzhausen.*

*The LDAC is currently reaching out to the community through information-gathering sessions. From this*

Daar is ook gekyk hoe rolspelers beter kan saamwerk."

Die dwelmkomitee, bekend as die LDAC, is 'n subkomitee van die SSDF en is tans besig om saam uit te reik na die gemeenskap deur middel van inligtingsessies. Uit die inligting wat só ingesamel word, gaan 'n plaaslike dwelmaksieplan opgestel word. Die LDAC sal die vordering monitor.

Opleiding van ondersteuningsgroepe gaan binnekort in vennootskap met die Weskus Distrikmunisipaliteit gedoen word.

**Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram in wyke 4 en 7** (Comprehensive Rural Development Programme – CRDP):

Die CRDP is 'n omvattende, nasionale program wat oor regeringsfere heen fokus op ontwikkeling van landelike gebiede. In Swartland is dit geoormerk vir Abbotsdale, Riverlands, Chatsworth en Kalbaskraal. Die program word nasionaal gelei deur die Departement Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en provinsiaal deur Departement Landbou.

"Gemeenskapstrukture, bekend as die Raad vir Belangegroepe (COS) is in al die gemeenskappe gevorm en 'n nie-regeringsorganisasie is gestig. Die CRDP-leierskap (Department Landbou) was ook instrumenteel om rolspelers met mekaar te laat praat oor die kritiese behoefte vir die bou van 'n nuwe skool op Chatsworth.

'n Interregeringsrolspelerskomitee is gestig, bestaan uit verteenwoordigers van maatskaplike, asook ekonomies-gefokusde staatsdepartemente. Die SSDF skakel op die vier dorpe in by die Interregeringsrolspelerskomitee.

"Huishoudelike profiele is vir al vier dorpe opgestel na deur-tot-deur opnames, waaruit projekte geïdentifiseer gaan word."

Daar sal binnekort jaarvergadering gehou word om 'n nuwe bestuurskomitee te verkies.

'n Groentetuin-projek word met verskeie rolspelers beplan en projekte gaan uit die huishoudelike profiele geïdentifiseer word.

Vir meer inligting, kontak Marguerite Holtzhausen by 022 487 9400.

FOTO: Ons het twee foto's van die werkwinkels: een by die Thusong-sentrum en een op Darling

*information, a local drug action plan will be drawn up. The LDAC will monitor progress.*

*Support groups will soon be trained in partnership with the West Coast District Municipality.*

***Comprehensive Rural Development Programme (CRDP) in Wards 4 and 7:***

*The CRDP is a comprehensive national programme working across government spheres to focus on the development of rural areas. In Swartland, the CRDP will be implemented in Abbotsdale, Riverlands, Chatsworth and Kalbaskraal. Nationally, this is led by the Department of Rural Development and Land Reform and, provincially, by the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries.*

*"Community structures – known as the Council of Stakeholders, shortened to COS – were formed in all the communities and a non-government organisation was established. The CRDP leadership – the Department of Agriculture – was also instrumental in getting role-players to talk with each other about the critical need for building a new school in Chatsworth."*

*An integrating role-player committee was established, which consists of representatives from social and from economically focused government departments. The SSDF links up with this committee in the four towns mentioned above.*

*"Household profiles were drawn up for all four towns after door-to-door surveys and projects will be identified from this," Ms Holtzhausen concluded.*

*An annual general meeting will soon be held to elect a new executive committee.*

*A vegetable garden project is being planned with various stakeholders.*

*For more information, contact Marguerite Holtzhausen at 022 487 9400.*

*FOTO: Ons het twee foto's van die werkwinkels: een by die Thusong-sentrum en een op Darling*

**Jaarverslag in konsep aanvaar**

Die Swartlandse stadsraad het by hul laaste vergadering die konsep-jaarverslag vir 2013/14 aanvaar.

***Draft annual report accepted***

*The Swartland Council, at its recent meeting accepted the draft annual report for 2013/14.*

| | |
|---|---|
| Die munisipaliteit het vanjaar finansiering ontvang om 'n proeflopie te doen van die nuwe formaat wat die staat vir die jaarverslag voorskryf.<br><br>"Ons het met vlieënde vaandels geslaag," het munisipale bestuurder Joggie Scholtz gesê en die betrokke personeellede geluk gewens. Dié formaat sal ook nou na ander munisipaliteite uitgerol word.<br><br>Die verslag sluit onder meer die finansiële state, die ouditverslag van die ouditeur-generaal en die jaarlikse prestasieverslag in.<br><br>Die burgemeester sê in sy voorwoord Swartland Munisipaliteit is in die voorste linie wanneer dit kom by volhoubare ontwikkeling en die lewer van doeltreffende dienste deur verhoudinge met rolspelers te bou.<br><br>Die verslag bevat ook 'n oorsig deur die munisipale bestuurder, Joggie Scholtz. Dit handel onder meer oor munisipale funksionering, bevolking en omgewing.<br><br>Scholtz sê die 2013/14 boekjaar het weer eens 'n paar unieke hoogte- en laagtepunte opgelewer. Wat laasgenoemde betref, is dit veral op die finansiële front waar die munisipaliteit (soos alle ander owerhede) gebuk gegaan het onder die uitwerking van die wêreldwye ekonomiese krisis.<br><br>Die toekoms sal innoverende en strategiese denke van munisipaliteite vereis, en Scholtz sê hulle het hulself reeds onvoorwaardelik daartoe verbind.<br>"Ons het al die mees kritieke risiko's geïdentifiseer en is besig om aksieplanne in werking te stel om ons finansiële stabiliteit in die langtermyn te verseker.<br><br>"Ten spyte van alles, is ons gelukkig dat ons die afgelope jaar kon voortgaan om hoë-kwaliteitdienste aan ons belastingbetalers te lewer. Ons sal daarmee voortgaan, ten spyte van die uitdagings wat ons in die gesig staar."<br>Die jaarverslag is beskikbaar op die raad se webtuiste by www.swartland.org.za. | *For the year under review, the Municipality received financing to conduct a trial run in terms of the latest format that government provides for annual reports.*<br><br>*"We passed the test with flying colours," Municipal Manager Joggie Scholtz said when congratulating the staff members involved. This format will now be rolled out to other municipalities too.*<br><br>*The report includes, inter alia, the financial statements, the audit report of the auditor-general and the annual performance report.*<br><br>*In his foreword, the Mayor said that Swartland Municipality is in the frontline when it comes to sustainable development and efficient service delivery by forging strong ties with its role players.*<br><br>*The report also comprises an overview by Municipal Manager Joggie Scholtz. The overview deals among other things with municipal functioning, the population and environment.*<br><br>*Scholtz said that the 2013/14 book year again provided unique highs and lows. As for the lows, it was particularly on the financial front where the Municipality (like all other authorities) had been plagued by the effects of the global economic crisis.*<br><br>*The future will require innovative and strategic thinking by municipalities, and Scholtz said they had already committed themselves to that.*<br>*"We identified all the most critical risks and are in the process of introducing action plans to ensure our financial stability in the long term.*<br><br>*"Despite all, we are fortunate that we could continue to deliver high quality services to our rate payers in the past year. We will continue to do so, in spite of the challenges facing us."*<br>*The annual report is available on the Municipality's website at www.swartland.org.za.* |
| **Verkeer stap voetpatrollie**<br><br>"Dit was veral tragies om te sien hoe vrouens - mammies met jong kinders en babas - op hul skote in die publiek drink," het Philip Humphreys (Hoof van Beskermingdienste) gesê oor die voetpatrolllie wat hy en raadslid Willem Wilskut op die vooraand van Paasfees saam met verkeersbeamptes op Malmesbury gehou het.<br><br>"Drank is en bly maar die euwel wat ons mense aan die onderpunt van armoede hou."<br><br>Mense is aangespreek om nie in die openbaar (op winkelstoepe) te drink nie.<br><br>"Ons het onder meer ook Jobstraat in Malmesbury | ***Traffic does foot patrol***<br><br>*"It was especially tragic to see women – mothers with young children and babies on their laps – drinking in public," said Philip Humphreys, Head of Protection Services, about the foot patrol that he and Councillor Willem Wilskut did together with traffic officers in Malmesbury on the eve of Easter.*<br><br>*"Alcohol is still the evil that keeps our people on the bottom rung of poverty."*<br><br>*People were warned not to drink in public – and this includes the stoep of a store.*<br><br>*"One of the places that we went to was Job Street in* |

| | |
|---|---|
| besoek, waar die beamptes n groot hoeveelheid drank uitgegooi het van mense wat op die stoepe sit en drink het," het Humphreys gesê wat persoonlik die publiek oor hierdie gedrag aangepraat het.<br><br>Foto's:<br><br>Voetpatrollie: Hier is die groepie by 'n stalletjiehouer langs die taxirank. Van links is senior Inspekteur Africa, raadslid Wilskut, die stalletjiehouer en direkteur Humphreys. | *Malmesbury, where officers poured out a lot of alcohol that people were sitting and drinking on the stoeps," said Mr Humphreys, who personally warned the public about this behaviour.*<br><br>*Photos:*<br><br>*Foot patrol: Here, the group can be seen with a stall holder next to the taxi rank. From left are Senior Inspector Africa, Councillor Wilskut, the stall holder and Mr Humphreys.* |
| **Hoe tevrede is inwoners van die Swartland?**<br><br>Swartland Munisipaliteit het gedurende Oktober en November 2014 'n opname onder inwoners gedoen om die tevredenheid met dienslewering te bepaal. Die vrae is dieselfde as die vorige opname in 2009, ten einde die resultate te kan vergelyk.<br><br>Waar die vorige opname deur 'n konsultantfirma gedoen is deur middel van telefoniese onderhoude, is die 2014-opname deur die Munisipaliteit self gedoen teen 'n nominale koste. Die 2014-opname se vraelys kon óf in elektroniese formaat deur middel van Survey Monkey op die internet ingevul word óf op papier by verskeie plekke in die munisipale gebied. Uiteindelik is 367 vraelyste (47%) op papier ingevul en 416 (53%) elektronies. Die papiervraelyste se resultate is natuurlik ook op Survey Monkey ingevoer. Die getal response (783) is 125% meer as die 348 van die vorige opname.<br><br>Die vraelys was in Afrikaans, Engels en isiXhosa beskikbaar. Die opname is heeltemal anoniem gedoen en daar is geen manier wat enige persoon wat 'n vraelys ingevul het aan sy of haar respons gekoppel kan word nie. | ***How satisfied are residents of the Swartland?***<br><br>*Swartland Municipality conducted a survey during October and November 2014 among residents to determine their satisfaction with service delivery. To be able to compare the results, the questions were the same as those of the 2009 survey.*<br><br>*While the previous survey was conducted by a consultant firm via telephonic interviews, the Municipality conducted the 2014 survey itself at a nominal cost. The 2014 survey's questionnaire could be completed either electronically on the internet via Survey Monkey or on paper at various places in the municipal area. Eventually, 367 questionnaires (47%) were completed on paper and 416 (53%) electronically. The results of the paper questionnaires were also captured on Survey Monkey. The number of responses (783) is 125% more than the 348 of the previous survey.*<br><br>*The questionnaire was available in English, Afrikaans and isiXhosa. The entire survey was conducted anonymously, and it is impossible to link anyone who completed a questionnaire to his or her response.* |
| **Uitdagings rondom verkeer**<br><br>Bedagsaamheid en wetsgehoorsaamheid van motoriste sal hul lewe sommer baie makliker maak. Só meen Philip Humphreys (Direkteur Beskermingsdienste) en Roman Steyn (hoof van Verkeer en Wetstoepassing). Hulle het 'n paar uitdagings en knelpunte uitgelig:<br><br>• Motoriste moet ingedagte hou dat as daar beurtkrag is, werk die robotte ook nie. "Wetgewing is eenvoudig," verduidelik Humphreys: "As die robot af is, werk die kruising soos 'n 4-rigtingstop: die persoon wat eerste stop, kan eerste ry."<br><br>• Alkohol bly 'n groot kopseer: tussen 60 en 80% van alle ongelukke in Suid-Afrika (en die Swartland) het drank betrokke.<br><br>"Ons wil 'n beroep op motoriste doen om hulle te weerhou van alkohol, of dan 'n nugter bestuurder kry om te bestuur," het Humphreys gepleit en mense gewaarsku | ***Challenges around traffic***<br><br>*Being considerate and law-abiding will make the lives of motorists so much easier. This is the meaning of Philip Humphreys, Director of Protection Services, and Roman Steyn, Head of Traffic and Law Enforcement. They continued by highlighting some challenges and obstacles in their areas of responsibility:*<br><br>*• Motorists must remember that robots don't work during load shedding: "The law is simple," explained Mr Humphreys. "When a robot is off, the intersection works like a four-way stop: the person who stops first can drive first."*<br><br>*• Alcohol remains a big headache: between 60 and 80% of all accidents in South Africa – and in the Swartland – involve alcohol: "We appeal to motorists not to drink and drive – or then to get a sober person to drive," Mr Humphreys pleaded.*<br><br>*He warned people that very strict legislation will soon be in force. "New draft legislation will stipulate that motorists* |

| | |
|---|---|
| dat baie streng wetgewing een van die dae aan die orde van die dag gaan wees.<br><br>“Nuwe konsep-wetgewing bepaal dat motorist glad nie mag drink nie. Daar gaan limiete vir insittendes van voertuie en voetgangers gestel word.<br><br>• Spoed maak dood. “Spoed is seker ons een, grootste probleem,” het Humphreys vertel. Tussen Desember en Februarie is daar 23 527 spoedboetes in die Swartland uitgeskryf. Dit lyk nie asof boetes hulle afskrik nie.”<br><br>• Selfone en motorbestuur werk nie saam nie. “Die enigste oplossing is om nie te bestuur en op ‘n selfoon te praat nie,” het Steyn gesê. “Jou aandag is eenvoudig net nie op die pad nie.”<br><br>• Betaal boetes: Steyn het motoriste gemaan om hul boetes te betaal voor daar na hulle gesoek word.<br><br>“Met die Outomatiese Nommerplaat Herkenningstelsel kan ons sien wanneer daar uitstaande boetes teen ‘n motoris is. Die Verkeersdepartement kan ook met ‘n lasbrief op jou voorstoep opdaag.<br><br>“Ons versoek mense vriendelik om navraag te doen oor moontlike uitstaande boetes. Ons sal probeer help waar ons kan.<br><br>“Onthou, as daar uitstaande boetes is, kan ‘n motoris geen transaksies met die departement doen nie: soos om ‘n lisensie te hernu, ensovoorts.”<br><br>• ‘n Laaste vermaning gaan oor leerlinglisensies.<br><br>Humphreys: “Oneerlikheid betaal nie en ons waarsku mense wat betaal vir antwoordstelle of afskryfnotas in die toetslokaal inneem.”<br><br>‘n Persoon is onlangs op Moorreesburg op heterdaad betrap: “Ons het die polisie laat kom, die persoon is in hegtenis geneem en van bedrog aangekla.<br><br>“Die persoon kan nou sonder ‘n lisensie met ‘n kriminele rekord sit. Dit is nie die moeite werd nie en dit is ook nie waaroor dit gaan nie: ons wil hê ‘n bestuurder moet behoorlik toegerus wees as hy/sy die dag agter ‘n stuurwiel inskuif.”<br><br>Die verkeersdepartement het nie net met voertuie en mense te doen nie: klagtes oor die aanhou van diere land ook in hul mandjie.<br><br>“Dit is een van ons uitdagings. Een van die konsep-bywette wat nou oop is vir kommentaar handel juis oor sogenaamde oorlaste.”<br><br>Dan is daar ook rondloperdiere, wat veral op die N7 probleme veroorsaak. Motoriste kan verkeer gedurende kantoorure skakel by 022 487 4900/9479 of 022 487 9411. | *won’t be allowed to drink at all before they drive and there are also going to be limits for passengers and for pedestrians.”*<br><br>*• Speed kills: “Speed is probably our single biggest problem,” Mr Humphreys continued. “Between December and February, 23 527 speed fines were given in the Swartland – but it doesn’t seem as if fines put people off.”*<br><br>*• Cell phones and driving don’t go together: “The only solution is not to drive and talk on your cell phone at the same time,” Mr Steyn said. “Otherwise your attention just isn’t on the road.”*<br><br>*• Pay your fines: Mr Steyn warned motorists to pay their fines before the law comes looking for them.*<br><br>*“With the automatic number plate recognition system, we can see if you have any outstanding fines. The Traffic Department can also show up on your stoep with a warrant.*<br><br>*“We kindly ask people to make enquiries about any possible outstanding fines that they may have. We’ll try to help where we can. Remember, if you have outstanding fines, you can’t do any transactions with the department – you can’t renew your licence and so on.”*<br><br>*• The final warning is about learner’s licences.*<br><br>*Mr Humphreys: “Dishonesty doesn’t pay. People who pay for answer papers or who take crib notes into test venues have now been warned.” Someone was recently caught in the act in Moorreesburg.*<br><br>*“We summoned the police, who took the person into custody and accused him of fraud. He may now sit without a licence and with a criminal record. It’s not worth it and it’s not what a licence is about: we want drivers to be equipped properly the day that they get behind a steering wheel.”*<br><br>*The traffic department doesn’t deal only with vehicles and with people, however: complaints about the keeping of animals also land in their basket.*<br><br>*“This forms part of our challenges. One of the draft bylaws that’s now open for comment does, in fact, deal with so-called nuisances.*<br><br>*”Then there are the stray animals, which cause problems especially on the N7. In connection with this, motorists can phone Traffic during office hours at 022 487 4900/9479/9411.* |

| | |
|---|---|
| **Help met databasis** | ***Assistance with database*** |
| Die Swartland Munisipaliteit het begin om 'n databasis op te stel van mense wat hulp nodig het, sou die krag afgaan en beurtkrag ingestel word. | *The Swartland Municipality has established a database of people requiring assistance during power failures or when Eskom introduces load shedding.* |
| "Ek dink byvoorbeeld aan mense wat suurstof-apparaat gebruik", het burgemeester Tijmen van Essen gesê. Hy het 'n beroep op medici, kinders, bure, vriende en pasiënte self, gedoen om die inligting deur te gee. "Dit sal ons in staat te stel om seker te maak dat mense betyds hulp kry." | *"In this instance I am thinking of people who are dependent on oxygen apparatus," Mayor Tijmen van Essen said. He appealed to health practitioners, children, neighbours, friends and patients themselves to forward information to the Municipality. "That will enable us to make sure people get help in good time."* |
| Mense kan die inligting deurgee aan vanessent@swartland.org.za of sy sekretaresse, Michelle Morris, by 022 487 9400. | *Residents are invited to submit the information to vanessent@swartland.org.za or his secretary, Michelle Morris, at 022 487 9400.* |
| **Versiende planne vir sosio-ekonomiese beplanning** | ***Far-sighted plans for socio-economic planning*** |
| Swartland Munisipaliteit gee toenemend aandag aan sosiale probleme en gemeenskaps-ontwikkeling. Hierdie benadering is onlangs weer benadruk toe die Wes-Kaapse regering aangekondig het dat Swartland een van net vyf munisipaliteite is om 'n bedrag van R20 miljoen te ontvang vir ontwikkeling van spesiale projekte. | *Swartland Municipality is increasingly focusing on social problems and community development. This approach was recently emphasised once again when the Western Cape government announced that Swartland was one of five municipalities that received an amount of R20 million for the development of special projects.* |
| "Dit vat harde werk van amptenare en raadslede om die soort voorlegging voor te berei wat die regering en in dié geval ook die Duitse Ontwikkelingsbank beïndruk", het die munisipale bestuurder, Joggie Scholtz, gesê en bygevoeg: "Maar ons weet daar is geen sukses sonder die bereidheid om op te offer nie." | *"It required hard work from officials and councillors to prepare the kind of submission that impresses government, and in this case also the German Development Bank," Municipal Manager Joggie Scholtz said and added: "However, we know there is no success without a willingness to make sacrifices."* |
| Kyk 'n mens na die paadjie wat hulle moes loop met die aansoek, is dit duidelik hoeveel beplanning en bloedsweet net in die aanvoerwerk gegaan het. Die eerste bod vir die sogenaamde VPUU (Violence Prevention through Urban Upgrade) is reeds in 2013 gedoen. | *If one considers the road they had to follow with this application, the amount of planning and effort that paved the way for this application soon becomes evident. The first bid for the so-called Violence Prevention through Urban Upgrade (VPUU) had already been submitted in 2013.* |
| "Ons eie navorsing asook dié van ander rolspelers hier en in die buiteland, toon dat omgewingsituasies sosiale misdaad aanhelp," het burgemeester Tijmen van Essen gesê. | *"Our own research and those of other role players here and overseas indicate that situations in the environment promote social crime," Mayor Tijmen van Essen said.* |
| "Deur aandag aan die omgewing te gee, skep ons 'n gesonder omgewing, veral vir ons jeug." In Januarie 2014 het die premier van die Wes-Kaap, Helen Zille, die Swartland Munisipaliteit ingelig dat hulle gekeur is om aan die Streek Sosio-Ekonomiese Program (die sogenaamde Regional Socio-Economic Programme of RSEP) deel te neem. Hiervolgens word projekte oor departemente heen beplan om sosio-ekonomiese ontwikkeling in teikengebiede uit te rol. | *"By giving attention to the environment, we create a healthier environment, especially for our youth." In January 2014, Premier of the Western Cape, Helen Zille, informed the Swartland Municipality that they had been selected to take part in the Regional Socio-economic Programme, or RSEP. According to that, projects were planned across departments with a view to rolling out socio-economic development in target areas.* |
| Die doel is om die lewensgehalte van inwoners in | *The aim is to improve the quality of life of residents in certain residential areas by using "safety" as point of departure and putting the emphasis in city planning and design on the human scale, thereby ensuring community* |

| | |
|---|---|
| bepaalde woonbuurte te verbeter deur "veiligheid" as toetreevlak te gebruik en die klem van stedelike ontwerp op die menslike skaal te rig en daardeur gemeenskapsdeelname te verseker. Die benadering is deurentyd een van die "samelewing in sy geheel".<br><br>Gesprekke met alle belangegroepe, rolspelers, die diensverskaffers en opnames onder inwoners, het kwesbare gemeenskappe en gebiede in die Swartland uitgewys.<br><br>"Hiervolgens het ons 'n gedeelte van Wesbank en Ilinge Lethu geïdentifiseer om eerste aandag te kry," het Scholtz die proses verduidelik.<br><br>Die doel met die program is om inwoners se lewenskwaliteit te verbeter deur op veiligheid te let, aandag te gee aan die mense binne stedelike beplanning en gemeenskapsbetrokkenheid.<br>"Onderliggend aan die RSEP-proram is die bemagtiging van gemeenskappe deurdat hulle inkoop in die proses en eienaarskap van hulle gebiede aanvaar. Die meeste projekte behoort dus die gevolg van gemeenskapsbetrokkenheid te wees. Ons sal met eenvoudige projekte begin, sodat gemeenskappe die vordering kan sien en geloofwaardigheid gebou word."<br><br>Die voorgestelde projekte vir die program is by wyse van gemeenskapdeelname geprioritiseer en behels onder meer die volgende:<br>- voetgangerverbinding tussen Wesbank/Ilinge Lethu oor die N7<br>- plasing van toegeruste skeepshouers wat dien as kontakpunte vir die SAPD en buurtwag.<br>- aktwiteit-nodusse met speel- en oefentoerusting.<br>- energie-vriendelike straatligte langs voetgangerroetes.<br>- Alpha- en Jakarandastrate as korridor-roetes is geoormerk vir boomplanting.<br><br>Later sal daar aandag gegee word aan 'n binnehuise sportsentrum, winkeltjies, sypaadjies, sirkelroetes, sportontwikkeling en verfraaiing.<br><br>Die R20 miljoen rand wat aan Swartland toegeken is, sal oor 'n tydperk van vier jaar aan die munisipaliteit oorbetaal word. Die eerste projekte sal waarskynlik binne die volgende vier maande begin. | *participation. The approach throughout is on "society as a whole".*<br><br>*Discussions with all interested parties, role players and service providers, as well as surveys among residents, have pointed out vulnerable communities and areas in the Swartland.*<br><br>*"We have accordingly identified a portion of Wesbank and Ilinge Lethu to be given attention first," Scholtz explained the process.*<br><br>*The goal of the programme is to improve the quality of life of residents by attending to safety and focusing on people in terms of city planning and community involvement.*<br>*"Underpinning the RSEP programme is the empowerment of communities in that they buy into the process and take ownership of their areas. Most projects should accordingly be the result of community involvement. We will start with simple projects so that communities will be able to witness progress, and in order to build credibility."*<br><br>*The proposed projects for the programme were prioritised through a process of community participation and include the following:*<br>*- pedestrian link between Wesbank/Ilinge Lethu over the N7;*<br>*- positioning of equipped ship's containers that serve as contact points for the SAPS and neighbourhood watch;*<br>*- activity nodes with playground and exercise equipment;*<br>*- energy friendly streetlights along pedestrian routes;*<br>*- Alpha and Jakaranda Streets as corridor routes are earmarked for tree planting.*<br><br>*An indoor sports centre, small shops, sidewalks, circle routes, sports development and decoration will follow later.*<br><br>*The amount of R20 million allocated to Swartland will be paid over to the Municipality over a period of four years. The first projects are estimated to start within the next four months.* |
| **Nuwe N7 maak die rit makliker**<br><br>Daar word telkens na Malmesbury verwys as die slapende voorstad van Kaapstad, maar met hierdie veranderinge gaan mense wakker skrik.<br>Só sê Steph Bredenhann, projekbestuurder van Sanral gemoeid met die volgende twee fases van die N7 vanaf Atlantis/Philadelphia tot by die Hopefield-afdraai.<br><br>Die totale koste van die konstruksiewerk aan die N7 vir | ***New N7 makes the trip easier***<br><br>*Although Malmesbury is often referred to as the sleeping suburb of Cape Town, these changes are going to wake people with a start. This according to Steph Bredenhann, project manager of Sanral involved with the next two phases of the N7 from Atlantis/Philadelphia up to the Hopefield turnoff.*<br><br>*The total cost of construction work on the N7 for the period* |

| | |
|---|---|
| die tydperk sedert 2010 tot 2018 vir die pad tot by Vanrhynsdorp beloop 'n totaal van R4,131 475 635 biljoen. | *2010 to 2018, for the road up to Vanrhynsdorp, comes to a total of R4 131 475 635 billion.* |
| Volgens die planne sal drie verskillende kontrakte gelyktydig op die N7 hardloop.<br>Nadat die eerste fase vanaf die Melkboswisselaar onlangs in 33 maande voltooi is teen R389 miljoen, het die werk aan fase drie – van Leliefontein tot die Hopefield-afrit – met 'n totale waarde van R506 miljoen, reeds begin. | *According to the plans, three respective contracts will run consecutively on the N7.*<br>*When the first phase starting at the Melkbos Exchange was recently completed after 33 months at a cost of R389 million, work valued at a total of R506 million had already started on Pase 3 – from Leliefontein to the Hopefield turnoff.* |
| Die kontrakteurs verantwoordelik vir dié fase is Stefanutti Stock Power Consortium. | *The contractors responsible for this phase are Messrs Stefanutti Stock Power Consortium.* |
| Hierdie fase sal die plaaslike arbeidsmark 'n hupstoot van R37 miljoen gee. Sowat R2 miljoen sal spandeer word aan opleiding vir werknemers.<br>Fase twee – van Atlantis/Philadelphia na Leliefontein – sal 'n geskatte R715 miljoen kos en na verwagting in Junie 2015 'n aanvang neem.<br>Die nasionale padagentskap Sanral sê met die padwerke wat in Januarie 2018 voltooi moet wees, sal gemik word na minimum verkeersontwrigting. | *This phase will boost the local labour market with a R37 million injection. Some R2 million will be spent on training workers.*<br>*Phase 2 – from Atlantis/Philadelphia to Leliefontein – will cost an estimated R715 million and is expected to commence in June 2015.*<br>*The national road agency Sanral said the roadworks that will be completed by January 2018 will involve minimum disruption to traffic.* |
| "Die bestaande pad sal steeds gebruik word tot die een nuwe dubbelbaan langsaan voltooi is. | *"The existing road will continue to be used until the one new double lane next to it is completed.* |
| "Daarna sal die verkeer weer daardie bane gebruik terwyl die res van die pad voltooi word," het Sanral se Randall Cable gesê. | *"Thereafter, traffic will again use those lanes, until the rest of the road is completed," Sanral's Randall Cable said.* |
| Die Darling/Bokomowegwisselaar sal 'n vervroegde enkel-glybaan vanuit die suide kry.<br>Daarvan sal motoriste weer kan afgly na Darling/Malmesbury-Wes of oorry na min of meer die huidige toegang na Malmesbury-Oos. | *The Darling/Bokomo Road Interchange will get an early single slip lane from the south.*<br>*From there, motorists will be able to exit again to Darling/Malmesbury West or continue up to the access to Malmesbury East, more or less.* |
| Die bestaande brug sal afgebreek word en plek maak vir die drie nuwe brûe met dubbelbane onderdeur vir die verkeersvloei vanaf Bokomoweg na Darlingweg. Daar is ook 'n alternatiewe roete vir voetgangers. Die afritte aan die oostekant sal ook belyn word en 'n stel verkeersligte kry. | *The existing bridge will be dismantled to make way for the three new bridges with double underpasses for the traffic flow from Bokomo Road to Darling Road. An alternative route is available to pedestrians. The off-ramps to the east will also be aligned and get a set of traffic lights.* |
| Die ingang na Abbotsdale sal ook verander word en van posisie geskuif word (moontlik nader aan Malmesbury as die huidige toegang). | *The entrance to Abbotsdale will be changed and moved from its current position (probably closer to Malmesbury than the current entrance).* |
| Fase drie maak ook voorsiening vir twee ekstra paaie aan die suidekant van Malmesbury onderdeur die N7 om toegang vanaf Malmesbury-Wes na die industriële area te bewerkstellig en voetgangerverkeer te beveilig. | *Phase 3 also provides for two additional roads to the south of Malmesbury that will pass under the N7 to gain access from Malmesbury West to the industrial area and safeguard pedestrian traffic.* |
| Volgens die planne sal die ou Malmesbury/ Kalbaskraalpad (DR1111) ook in 'n later stadium opgradeer word. | *According to the plans, the old Malmesbury/Kalbaskraal road (DR1111) will also be upgraded at a later stage.* |